

## Die Heilige Gees en ‘n heilige lewenswandel



### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

1 Petrus 1:14-16; Jesaja. 6:3; Hebreërs 12:14; 1 Korintiërs 6:11; 1 Timoteus 1:8; Psalm 15:1, 2.

#### Geheeteks:

“En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!” (1 Tess, 5:23).

**D**is maklik om onsensitief vir die heiligheid van God te raak, en nie veel te dink oor God se openlike haat vir sonde en boosheid nie. Heiligheid, egter, is ‘n belangrike tema in die Bybel. Die soeke na heiligheid, om liefdevol en rein soos Jesus te word, behoort vir elke Christen ‘n prioriteit te wees. Ons het ‘n erge afkeur aan die sogenaamde “Ek-is-heiliger-as-jy”-houding. Maar terselfdertyd kan ons maklik vergeet wat dit beteken om ‘n rein en geheiligde lewe te lei. God se liefde en heiligheid is onafskeidbaar van mekaar. Sonder God se heiligheid sou sy liefde in gevaar van sentimentalisme wees; sonder sy liefde sou God se heiligheid stroef en ontoeganklik wees. Beide eienskappe, sy liefde en heiligheid, is grondliggend aan sy geaardheid.

Die Heilige Gees is heg verweef met ons nastrewing van heiligheid. Trouens, sy naam is Heilige Gees, en Hy word die “Gees van heiligheid” genoem (*Rom. 1:4*). Sy naam herinner ons daaraan dat God heilig is, en dat dit God se groot begeerte is om sondaars na sy eie beeld van heiligheid te herskep. Hierdie week gaan ons kyk na wat dit beteken om heilig te wees en ‘n heilige lewe te lei.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 11 Februarie.*

# Die heiligheid van God

**Lees 1 Petrus 1:14-16. Waarom is die hoogste motivering vir heiligheid bloot die werklikheid (realiteit) van God Self? Wat motiveer jou om heilig te leef? Wat beteken dit dat God heilig is?**

---

Daar is 'n gewilde neiging om die klem te plaas op God se liefde, terwyl sy heiligheid geïgnoreer word. Terwyl God liefde is, word die idee van heiligheid in die Bybel meestal met die naam van God verbind, meer as met enige ander eienskap (*Ps. 89:18, Jes. 40:25, Jer. 51:5, Eseg. 39:7, Op. 4:8*). Heiligheid beskryf die reinheid en morele volmaaktheid van God se geaardheid. God se heiligheid beteken dat Hy volmaak goed en geheel en al vry is van boosheid. God se heiligheid is die vervolmaking van al sy ander eienskappe. Indien God oor die eienskappe van almagtigheid (oneindige mag en krag), alwysheid (perfekte en algehele kennis) en alomteenwoordigheid (oral teenwoordig) beskik het, maar nie volmaakte heiligheid gehad het nie, sou Hy 'n krag wees vir wie ons tereg uiters bevrees sou wees. In stede hiervan is Hy 'n God vir wie ons lief behoort te wees. Sy krag is heilige krag. Sy genade is heilige genade. Sy wysheid is heilige wysheid, en sy liefde is heilige liefde. In hierdie sin is heiligheid die intiemste goddelike woord van almal, aangesien dit juis te make het met die wese en geaardheid van God. Om die suiwerheid van God as heilige wese te ontken, is moontlik die ergste miskenning van sy bestaan. Die laasgenoemde maak asof God nie bestaan nie. Die eersgenoemde maak van Hom 'n liefdelose, selfs afstootlike, god. God se heiligheid beteken dat Hy verwyderd staan van sonde en geheel en al daaraan toegewy is om die goeie na te speur, die goeie wat Hy in Homself verteenwoordig. Met ander woorde, heiligheid veronderstel 'n verhoudings-aspek, sowel as 'n morele kwaliteit. Dit omsluit 'n verwydering van sonde, sowel as 'n algehele toewyding aan die heerlikheid van God. In Jesaja 6:3 en Openbaring 4:8 word oor God gesê: "Heilig, heilig, heilig." Wanneer die bybelse skrywers iets belangrik wou beklemtoon, het hulle die woord herhaal om sodoende ons aandag daarop te vestig. Jesus vestig ons aandag op belangrike stellings deur die woorde "Voorwaar, voorwaar" (*Joh. 5:24, 6:47, ens.*) te herhaal. Of, "Jerusalem, Jerusalem" (*Matt. 23:37*), of deur 'n naam te roep, bv. "Martha, Martha" (*Luk. 10:41*). Van al God se eienskappe word slegs God se heiligheid drie keer agter mekaar uitgeroep. Dit gee 'n aanduiding van iets van die hoogste belang. God se geaardheid is inderdaad heilig. Hy is rein en goed.

**Hoe bevrees sou jy inderdaad gewees het indien ons almagtige God en Skepper nie 'n heilige en liefdevolle wese was nie? Jou antwoord behoort 'n aanduiding te wees van die rede waarom ons dankbaar behoort te wees dat God inderdaad is wie Hy is.**

---

## Die aard van heiligheid

“Hoe digter u aan Jesus kom, hoe meer sal u u foute besef; want u sal dan beter kan sien en u onvolmaakthede sal duidelik in teenstelling wees met Sy volmaakte karakter. Dit beteken dat die bedrieëry van Satan kragtelooos geword het, en dat die lewegewende Gees van God in u werk en u wakker maak.”—Ellen G. White, *Skrede na Christus*, pp. 64, 65.

**Lees Efesiërs 1:4, 5:25-27, en Hebreërs 12:14. Wat is God se doel vir al sy mense en vir die kerk?**

---



---



---

Heiligheid is beide God se gawe en sy opdrag. Daarom moet ons daarvoor bid en dit daaglik nastreef. Heiligheid word in ons lewens deur die vrug van die Gees in ons lewens tentoongestel. Ons sien dit wanneer ons daaglik met Christus wandel (*Gal. 5:16, 22, 25*). Heiligheid is niks anders nie as om presies soos Christus te wees. Dit beteken om aan Jesus te behoort, en om soos sy kind in liefdevolle gehoorsaamheid en toewyding te leef, en om daaglik meer en meer na sy ewebeeld hervorm te word. Die basiese betekenis van heiligheid is ‘n toestand of staat van afgesonderdheid, om eenkant geplaas te wees vir spesiale diens aan God. Aan die ander kant vertoon heiligheid ook ‘n intrinsieke morele en geestelike kwaliteit, wat eintlik beteken om geregverdig en rein voor God te leef. Beide hierdie aspekte moet bymekaar gehou word.

In die Nuwe Testament word gelowiges heilig genoem, vanweë hulle unieke verhouding met Jesus wat hulle afsonder vir ‘n spesiale doel. Deur heilig te wees maak dit hulle nie eties volmaak en sondeloos nie, maar dit verander hulle sodat hulle kan begin om ‘n rein en heilige leefwyse te voer (vergelyk met 1 Korintiërs 1:2 waar Paulus die Korintiërs heilig noem, alhoewel hulle nie sondeloos en volmaak is nie). Gelowiges word die opdrag gegee om heiligheid na te streef, want daarsonder sal niemand die Here sien nie (*Heb. 12:14*). God se aanneming van elke gelowige is vanaf die begin volmaak, maar ons groei in heiligmaking is ‘n lewenslange proses wat altyd verder moet uitkring sodat ons algaande meer getransformeer word tot die vlekkelose beeld van Hom wat ons verlos het.

**Daar heers ‘n mate van spanning tussen om heilig te wees, en om heiligheid na te streef. Hoe sal ons strewe na heiligheid verskil indien ons weet dat ons reeds aan God behoort, en dat ons in Hom aanvaar is vanweë die soendood van Jesus in ons plek?**

# Die werktuig van heiligmaking

**Wat vertel 1 Korintiërs 6:11, Titus 3:5, en Hebreërs ons oor heiligmaking?**

---

Ons heiligmaking word bewerkstellig deur geloof (*Heb. 11:6*) deur die krag van die Heilige Gees (*2 Tess. 2:13, 1 Pet. 1:2*). Die apostel Paulus skryf: “maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek (“geregverdig” - *AFR53*) in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God” (*1 Kor. 6:11, AFR83*). Jesus bewerk in ons ‘n lewenslange groei in heiligheid, wat die vrug van die Gees in ons voortbring. Om na sy beeld herskep te word, kom deur die Here wat die Gees is.” (*2 Kor. 3:18*).

**Lees Galasiërs 5:16, 17. Wat vertel Paulus ons in hierdie verse?**

---

In elke gelowige heers daar ‘n stryd. Die spanning wat ons ervaar, spruit uit die feit dat die sonde in ons woon (*Rom. 7:20*). Die apostel Paulus het hierdie stryd geken toe hy aan die einde van sy lewe verklaar het: “Ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus” (*Fil. 3:13, 14*).

**Lees Hebreërs 12:1, 2. Wat is die stryd van die geloof wat ons teen die sonde moet voer?**

---

Die stryd waartoe ons opgeroep is, is om “die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof” (*Heb. 12:2*) te hou. Ons is dikwels te selfgesentreerd in ons godsdiensbeoefening. Ons fokus te veel op ons oorwinnings en ons nederlae, eerder as op God, wat alleen aan ons die oorwinning oor sonde kan gee. Wanneer die Heilige Gees toelaat dat ons slegs op Jesus fokus, sal ons geen begeerte na sonde en al die ander dinge hê wat ons so maklik kan verstremel nie. Hierdie dinge moet opsy geskuif word (*Heb. 12:1*). Maar wanneer ons op ons sondes en tekortkominge fokus, kyk ons na onself en nie na Jesus nie. Dit gee makliker aanleiding tot ‘n nederlaag, want deur na ons mislukkinge te kyk, word ons baie maklik mismoedig. Maar wanneer ons Jesus voor oë hou, sal ons bemoedig wees en kan ons oorwinnend leef.

**Indien iemand jou sou vra: “Hoe behaal ek die oorwinning oor sonde wat in die Bybel aan my beloof word?”, wat sou jy antwoord en waarom? Berei jou antwoord voor en bring dit Sabbat saam na die klas.**

## Die bepaling van heiligheid is God se wet

Ons weet dat God ons roep om sy wet te onderhou. Die vraag ontstaan egter waarom ons die wet moet onderhou, alhoewel ons nie daardeur gered kan word nie? Die antwoord hierop vind ons in die idee van heiligheid.

**Lees Romeine 7:12 en 1 Timoteus 1:8. Watter kenmerke gebruik Paulus om die wet te beskryf? Hoe weerspieël die wet God se karakter?**

---

Die wet is heilig, regverdig, en goed. Hierdie drie eienskappe is slegs aan God toeskryfbaar. Daarom is die wet dus 'n uitdrukking van God se karakter. Om 'n geesvervulde lewe te lei, beteken dat ons in ooreenstemming met die wet van God leef. Die wet is die onveranderende voorskrif van God se heiligheid. Die standaard wat die wet daarstel, kan nie verander nie, net soos God Self nie kan verander nie. Jesus het ook bevestig dat die wet nie afgeskaf is nie, maar dat elke deel daarvan vervul sal word (*Matt. 5:17-19*). Dis nie wetties as mens die wet te onderhou nie; dit is getrouheid. Die wet red ons nie. Dit kan nooit nie. Die wet is nooit ons pad na verlossing nie. Dit is eerder die weg van die verlostes. Die wet, as vergelyking, is die skoen waarin ons liefde loop en dit tot uitdrukking kom. Daarom kon Jesus op die merkwaardigste wyse sê: "Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel" (*Matt. 24:12, AFR83*). Liefde verminder wanneer die wet geen waardering het nie.

**Lees Romeine 13:10 en Matteus 22:37-40. Waarom is liefde die vervulling van die wet?**

---

Terwyl die voorskrif en norm vir heiligheid die wet van God is, is die hart van God se heiligheid liefde. Daar word met liefde op God se reddingsdade gereageer, word tot vervulling gebring in getrouheid. Jy kan nie 'n goeie dissipel van Jesus wees sonder om 'n liefdevolle en pligsgetroue wetsonderhouer te wees nie. Al is dit moontlik om die letter van die wet sonder liefde na te kom, is dit onmoontlik om ware liefde te betoon sonder wetsonderhouding. Ware liefde verlang daarna om getrou te wees. Liefde skaf nie die wet af nie. Dit vervul die wet.

**Waarom is die wet 'n uitdrukking van God se liefde vir ons? Hoe word liefde en gehoorsaamheid aan mekaar verbind?**

---

## Nastreef van heiligheid

**Lees** Psalm 15:1, 2; Efesiërs 4:22-24; en 2 Timoteus 2:21. Wat sê hierdie verse alles oor heiligheid?

---

Heiligheid is die voorvereiste om die vreugde van gemeensaamheid met God te geniet. Dit is die voorvereiste vir ons eie bruikbaarheid vir God. Ons ken die waarheid van 'n Engelse gesegde: “Saai 'n daad, oes 'n gewoonte; saai 'n gewoonte, oes 'n karakter.” En karakter is die einddoel. Ons neem slegs ons karakters saam hemel toe, dit is al.

Om egter nuwe gewoontes en nuwe karakters te ontwikkel, is nie self-verheerliking deur ons eie toedoen nie. Gewoonte-kweking is die gewone pad waarop die Gees ons tot heiligheid lei. Gewoontes is almal belangrik in ons Christelike wandel, veral daardie gewoontes wat uitkring vanuit Bybelse eienskappe soos geduld, liefde, getrouheid, vriendelikheid, goedhartigheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Wanneer die Heilige Gees ons harte gevul het, sal ons sonder twyfel aktief vir God wees. Maar alte dikwels vergeet ons dat dit God is wat ons heilig maak, en wat die goeie werk, wat Hy ib ons begin het, sal klaarmaak (*Fil. 1:6*). Ons is dikwels so besig met allerhande dinge dat ons vergeet om tyd saam met God in gebed deur te bring. Wanneer ons te besig is om te bid, is ons eintlik te besig daarvoor om Christene te wees.

Dalk het ons kennis en suksesse ons so selfstandig en onafhanklik gemaak, en aanvaar ons ons vaardighede en goeie programme as vanselfsprekend, dat ons in die proses geheel en al vergeet dat ons sonder Christus en die Heilige Gees in elk geval niks op ons eie kan vermag nie.

Aktivisme is nie heiligheid nie. Daar sal mense wees wat van mening is dat hulle groot dade vir die Here gedoen het, en tog het hulle Hom die hele tyd nooit gevolg nie. “Baie sal in daardie dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?’” (*sien Matt. 7:22, 23*). Daar is 'n baie groot verskil tussen geroep wees deur God, of om gedryf te wees om iets vir God te doen. Indien ons nie aanvanklik die stiltetyd geneem het om die oproep van God te hoor nie, loop ons die gevaar om selfgedrewe te wees in wat ons ook al doen. Maar daar sal geen krag, mag, geen vrede, en geen langdurige seëninge wees in ons werk indien dit nie voortspruit uit 'n goddelike roeping nie. Ons grootste behoefte in ons persoonlike heiligheid is kwaliteit-tyd saam met God wanneer ons sy stem hoor, en nuwe krag uit sy Woord terwyl ons deur die Heilige Gees gelei word. Dit sal ons werk 'n onderskeidende geloofwaardigheid en oortuigende krag gee.

## Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, “*Like Unto Leaven,*” pp. 95-102 in *Christ’s Object Lessons*. Hoe kan ons ooit daaraan begin dink om die heiligheid van God te verstaan as ons eie geaardhede korrup en gevalle is, terwyl Syne onteenseglik heilig is? Sy heiligheid definieer Hom as enig en apart van die sondige wêreld en dood wat ons as mense ervaar. En tog is daar hierdie wonderbaarlike ding: God bied aan ons die geleentheid om deel te hê aan sy heiligheid. Dit is deel van die verbondsverhouding wat mens met Hom het. “Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: ‘Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God, is heilig.’” (*Lev. 19:2*). Of, soos die boek van Hebreërs dit sê: “Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring . . . Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.’” (*Heb. 8:8, 10*). In hierdie teksverse kan ons die verband sien tussen heiligheid, verbond, en wet. Ons kan nie heilig wees sonder om God se wet gehoorsaam te wees nie, en ons onderhou sy wet omdat slegs Hyself, die Heilige Gees, die wet op ons harte en in ons verstande skryf. Wat ‘n heilige voorreg is dit nie: “Sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word” (*Heb. 12:10*), wat ons tot uitdrukking bring deur gehoorsaam aan sy wet te wees.

## Vrae om te bespreek:

1. Kyk in die klas weer na die vraag in Dinsdag se les. Wat sou jy iemand vertel oor die vraag hoe om die beloftes van oorwinning oor sonde in hulle eie lewens te hê? Deel julle antwoorde met mekaar in die klas.
2. Wat beteken dit om God se wet op jou hart en verstand geskrywe te hê? Waarom is dit anders van die wet wat slegs op kliptafels geskryf is?
3. Waaraan dink jy as jy aan die heiligheid van God dink? Vra lede van die klas om hulle sienings van God se heiligheid te probeer verwoord. Wat openbaar Jesus aan ons oor die heiligheid van God?
4. Wat is die grondslag van ons eie heiligheid? Hoe word heiligheid bewerkstellig?
5. Woensdag se les meld: “Die wet red ons nie. Dit kan nooit nie. Die wet is nooit ons pad na verlossing nie. Dit is eerder die weg van die verlostes.” Wat leer ons hieruit aangaande die rol van die wet vir geheiligde Christene in wie die Heilige Gees werksaam is?

